

Skriflesing: Johannes 7:37-39

Tema: Uit ons vloei strome lewende water.

Almal van ons ken droogte en die sleg daarvan. Damme word leër. Die veld en gesaaides verwelk en lyk elke dag slegter. Diere vrek en soms ly selfs mense dors.

Die volk van die Here ken ook droogtes. Hulle het dors gely tydens hulle trek deur die woestyn. Die huttefees het deels hieruit ontstaan. Tydens die huttefees, wat tydens ons September- of Oktobermaand plaasgevind het, het die feesgangers in hutte gewoon wat van blare en takke gemaak is. Dti is gedoen as herrinering aan hul verblyf in die woestyn na die uittog uit Egipte.

Elke dag het die feesgangers water uit die Siloamput of fontein gaan haal, dit tempel toe gebring en op die altaar uitgegooi. Water het die volk laat onthou van die geleentheid toe hul tot die dood toe dors was en God vir hulle gesorg het met water uit 'n rots.

Dit was 'n vrolike fees en baie offers is gebring. Duisende mense het gedans, gesing, gebid en geblaas op trompette wanneer die water in die tempel inkom en uitgegiet word op die altaar, daarna word almal stil...

In die stilte het die mense gedink het aan hoe God hulle voorouers geseën het, hoe God hulle geseën het en hulle het gebid en gevra dat God hulle weer sal seën.

In die stilte roep Jesus uit. Ons lees daarvan in Johannes 7:37: "Op die laaste dag, die groot dag van die huttefees, het Jesus daar gestaan en uitgeroep: "As iemand dors het, laat hy na My toe kom en drink!"

As iemand dors het...hoe skokkend moes hierdie opmerking nie vir die feesgangers wees nie. Vir 7 dae lank het hulle fees gevier, hoe kan dit wees dat iemand nog dors is?

Jesus praat nie van fisieke dors nie, dit gaan hier oor geestelike dors. Ons dors na liefde, 'n lewende verhouding met God en met mense, aanvaarding, diens, hoop en die nuwe lewe wat Hy bring.

Sy uitnodiging is nie net vir mense daarbuite wat dors is nie, dit is in die eerste plek vir die mense in die fees. Daar is mense wat in gemeentes grootgeword en dors is. Daar is mense wat by verskillende bedieninge betrokke is en dors is. Daar is mense wat gedoop is en belydenis afgelê het en geestelik dors is.

Jesus het gekom vir mense wat dors is en smag na lewende water. Daaraan herriner Hy ons al by ons doop. Daarom nooi Hy: "As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink!" Dit is die hart van die evangelie.

Erken dat jy dors het, dat jy nie tevrede is met wie jy sonder Christus is nie. Dat jy in sondemodder vasgevang is en dat jy jousef nie kan red nie. Dat jy Christus nodig het en les jou geestlike dors by Hom.

Jesus is die bron van lewende water. Hy sê vir die Samaritaanse vrou in Johannes 4:10+14: “¹⁰Jesus het haar geantwoord: “As jy geweet het wat God gee, en wie dit is wat vir jou sê: ‘Gee My 'n bietjie water om te drink,’ sou jy Hom gevra het, en Hy sou vir jou lewende water gegee het.”

¹⁴maar wie van die water gedrink het wat Ek hom sal gee, sal in alle ewigheid nooit dors kry nie. Nee, die water wat Ek hom sal gee, sal in hom 'n fontein wees met water wat opborrel en vir hom die ewige lewe gee.”

Niemand kan sê: “Ek is te sleg nie.” Jesus se uitnodiging ken geen voorwaardes nie en stel geen grense nie. Gaan na Jesus met jou sonde en skuld, jou worstelinge, mislukkings en seer.

Hy nooi jou: “Kom jy wat dors het. Kom soos jy is en kom les jou geestelike dors.” Niemand anders kan dit namens jou doen nie. Gee oor aan die Here. Laat toe dat die Heilige Gees jou lewe vul. Anker jou geloofswortels in die Bybel. Bid gedurig en skakel in by geestelike byeenkomste.

Kom aanvaar in geloof die gratis skoonwas en nuutmaak water wat God in Christus skenk. Maar dit kan nie net by ontvang van lewende water bly nie.

Die Dooie see is die laagste natuurlike plek op aarde. Daar vloei net water, veral uit die Jordaanrivier, in dié see in. Die see ontvang net. Geen water vloei uit nie. Omdat daar nie uitvloei is nie, verdamp die water en is die soutgehalte van die see baie hoog. Daarom is daar geen lewe in die Dooie see nie. Net so gaan ons ook doodgaan as ons geestelike net ontvang en daar geen uitvloei uit ons lewens is nie.

Wanneer ons net aanhou geestelike water ontvang en dit nie uit ons uitvloei nie gaan daar, ook in ons, geen lewe wees nie. Dit is baiekeer die probleem met ons as kerk. Ons is gretig om te ontvang, maar nie altyd so gretig om uit te deel nie.

Die Here maak nie net ons lewens vol nie, hy maak ons lewens oorvol. Wanneer jy jou lewe in geloof aan die Here oorgee, vul die Heilige Gees jou lewe en sy strome van lewende verlossende water vloei uit ons uit. Ons lewens word 'n seën vir mekaar en vir ander mense. In Johannes 7:38 sê Jesus: “Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste vloei.”

Die Heilige Gees neem nie net ons dors weg nie en maak nie net ons lewens vol nie. Die Gees maak ons oorvol en gebruik ons om die dors rondom ons te laat verdwyn.

Die wêreld daarbuite dors na dieselfde goed as waarvoor ons dors is. Die wêreld dors ook na liefde, ware verhoudings, aanvaarding, diens en hoop.

Afsluiting

Oorgegee aan Christus is ons elkeen se geestelike dors geles. Die Heilige Gees maak ons oorvol dat uit elkeen van ons sy strome lewende water vloei en so breek Hy, deur ons, die droogte daarbuite.

Ons is God se fontein van liefde. Ons bid, het lief, help, dien en luister. Ons is daar vir die mense waar die droogte nog nie gebreek is nie.

Amen